Die Olielamp

Blad van die Jeug in die Vrye Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika

TEMA: OORLOG - AMERIKA VS IRAK

REDAKSIONEEL

Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed (en kernwapens of chemiese oorlog) nie, maar teen die bose geeste in die lug (Efesiërs 6:12). Ja, ons het almal seker al gehoor van hierdie nuwe verwikkelinge in die wêreldgeskiedenis. Laat dit jou koud? Of lê jy bekommerd in jou bed en wroeg oor die moontlikheid van 'n oorlog?
Dink 'n slag daaraan. Nee, los dit maar, daar sal nie eers tyd wees om te dink nie.

Maar is dit wat die Here van ons vra? Sê Hy vir ons in Ef. 6:12 dat ons stryd teen vlees en bloed en teen kernwapens sal wees? Sê Hy vir ons dat ons teen Saddam Hoesein en sy magte sal moet veg? Sê Hy vir ons dat ons teen die moordenaars en rowers van hierdie land sal moet weerstand bied?
Nee, die Here waarsku ons dat ons stryd nie teen vlees en bloed is nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug (Ef. 6:12). Ons stryd is teen satan en sy onderdane wat die aarde hulle woonplek gemaak het en hier rondgaan soos brullende leeus. Daarom veg ons nie teen die brullende Saddam Hoesein, of teen die moordenaars en rowers van hierdie land nie, maar ons stry teen die brullende, bose geeste wat agter al hierdie sonde sit. Dis daardie selfde bose geeste wat so dikwels probeer om op ons lewens 'n inbreuk te maak.

En alhoewel hierdie stryd hewig en bloedig is, benodig ons nie kernwapens om weerstand te bied nie, maar vir hierdie geestelike stryd benodig ons geestelike wapens, die volle wapenrusting van God, die borswapen van die geregtigheid, die skild van die geloof, die helm van verlossing en die swaard van die Gees, dit is die Woord van God (Ef. 6:13-17). Ja, hierdie wapenrusting kry ons alleen van God af deur met alle gebed en smeking by elke geleentheid te bid (Ef. 6:18), want dis Hy wat die wêreldgebeure in sy hand hou;Hy wat vanaf die begin daar was en ook tot die einde toe daar sal wees; Hy wat met sy magtige hand en uitgestrekte arm ons uitgelei het uit die mag van die satan en ons sal inlei in sy ewige koninkryk; 'n koninkryk sonder kernwapens!

Laat ons dan ook in hierdie Paasfeestyd besef dat Jesus Christus die lyding vir ons gedra het en dat ons gered is deur sy bloed. Hy het die offer vir sondaars gebring en die vryspraak vir dié wat glo, verkry. So sien ons God se hand in die wêreldgeskiedenis raak, vanaf die begin tot die volmaakte einde.

Namens die Kaapse redaksie
Carina van Alten

Jaargang 7 nr 3, April 2003

INHOUD

Redaksioneel	1
Uit Die Woord	**2**
Vloektaal en jou binnekant	2
Die offers van kain en abel	3
Op Pad	**5**
Oorlog: Geoorloof of nie?	5
Kremasie	6
Ewig lewe	8
Voel Jy Ook So?	**8**
The Passion	8
Oorlog… 'n stryd om vrede?	10
Rimpelings uit die oliestryd	11
Deur Die Sleutelgat	**12**
Voetspore	**13**
Brokkies@epos.co.za	**15**
Gedigte	**16**

VLOEKTAAL EN JOU BINNEKANT

Janneke de Vries

Die taalgebruik van ‘n persoon is ‘n uitdrukking van sy dieper binnekant en is dus ‘n belangrike weerspieëling van so iemand se verhouding met God.

Jesus het al gesê: “Van binne af, uit die hart van ‘n mens, kom die slegte gedagtes: onkuisheid, diefstal, moord, owerspel, hebsug, kwaadwilligheid, bedrog, losbandigheid, afguns, kwaadpratery, hoogmoed, ligsinnigheid. Al hierdie slegte dinge kom van binne af en dit maak ‘n mens onrein” (Mark. 7:21-23).

Die rede waarom iemand vloek, kan uit ‘n gevoel van onmag wees en nou meen hy dat ‘n paar knope die nodige sal doen en probeer hy met vloektaal aan sy woorde en standpunt groter krag verleen.

Eintlik is vloektaal ‘n openbaring van minderwaardigheid en innerlike swakheid.

Jou tongvuur

Vloektaal moet ook in die lig gesien word van wat in die Jakobusbrief staan: Jakobus beskryf die tong as ‘n vuur en ‘n wêreld van onregtigheid – 'n onbedwingbare kwaad vol dodelike gif wat kan besmet (vgl. Jak. 3:6-8).

REDAKSIES:

Pretoria:
Redaktrise: Tanya de Vente
Sekretaresse: Petra Ros
Lede: Wilma Lubbinge
Arjan van Houwelingen
Marius Bijker
Illustrasies: Alex van Houwelingen

Maranata:
Redaktrise: Cora Visser
Penningmeesteresse: Linda de Vente
Sekretaresse: Marie-Louise van den Bout
Lede: Johan de Vente
Thys van der Hout
Elizabeth Aartsma

Kaapstad:
Redaktrise - Carina van Alten
Artikelversorger - Corrien Geleynse
Artikelversorger - Sjirk Geerts
Teksversorging – Sandra Scheltens
Sekretaresse - Lieneke Eefting
Finansies - Albert Drijfhout

Administrasie & uitleg:
Willemien Kleijn – willy_k@absamail.co.za
Arjan Bijker – bijker@absamail.co.za

Ons hoop om *Die Olielamp* 9 keer per jaar uit te gee.
Hierdie eksemplaar is ook elektronies beskikbaar by die volgende Internet adres:
http://www.vgk.org.za/olielamp/

En in Matteus 12 waarsku Jesus dat ons van elke ydel woord eendag sal moet rekenskap gee (vers 36 en 37). Hier bo het ons ‘n gedeelte uit Markus 7 aangehaal waar kwaadpratery spesifiek aangedui word as 'n slegte ding.

En nou gaan dit nie net om vloektaal wat aan die Here se adres gerig is nie, maar dit gaan ook om die gebruik van vloektaal teenoor jou medemens. In Matteus 5:22 lees ons: “Verder, elkeen wat sy broer uitskel vir ‘n gek, is strafbaar voor die Joodse Raad; en wie hom uitskel vir ‘n idioot, is strafbaar met die helse vuur”.

Vloektaal teenoor jou medemens waarmee jy hom verneder, neerhaal en verdoem, word ten sterkste deur die Woord van God verbied.

In sy Wet handel die derde gebod spesifiek oor die misbruik van die Here se Naam en dan stel die Kategismus in die verklaring van die derde gebod dit duidelik dat daar geen groter sonde is en een wat God meer vertoorn as die misbruik van sy Naam nie. Dit is so omdat ons die Naam van God nooit van sy wese kan losmaak nie. God se Naam is eintlik God self. Daarom is ‘n ligsinnige gebruik van God se naam ‘n aantasting van God self.

In die derde gebod word die mense verbied om die Here se naam ydellik te gebruik. Letterlik beteken die woord “ydel” leeg, hol, nikseggend en oppervlakkig. Iemand wat dus die Naam van die Here ydellik gebruik, gebruik die Naam asof dit hol, leeg en nikseggend is en ten diepste kom dit daarop neer dat so iemand die Here ook as iemand nikseggends sien.

Waar die heilige Naam van God as ‘n stopwoord gebruik word, of om spot en lag op te wek, verraai dit ‘n krenking en lastering van die Naam van die Here, wat ‘n direkte aanranding van God se Persoon is.

‘n Wag voor jou mond

Waak ook teen die gebruik van verbloemde vloekwoorde. Dit is eintlik maar net ‘n versagting en verbloemde vloekwoorde is ook daarop gerig om jou medemens te verwens. So ‘n vloekwoord is byvoorbeeld “verdomde”. Daarmee verwens en verdoem jy jou naaste en dit gaan teen die sesde gebod in.

In dié gebod eis God dat ons ons naaste moet liefhê en Hy verbied dat ons ons naaste wond of doodmaak, selfs met ons woorde en gedagtes.

Jesus roep die gelowige op om Hom openlik voor die mense te bely; dan sal Hy die gelowige openlik voor sy Vader in die Hemel bely. Maar die een wat Hom voor mense verloën, sal ook deur Christus voor sy Vader in die hemel verloën word (vgl. Matt. 10:32 en 33). Die ydel gebruik van die Here se Naam is niks anders as die verloëning van Christus nie.

As gelowiges moet ons bid soos die Psalmdigter in Psalm 19:15: “Laat die woorde van my mond en die oordenking van my hart welbehaaglik wees voor u aangesig”, en soos Dawid in Psalm 141:3: “Sit ‘n wag voor my mond, Here, hou tog wag oor wat ek sê”. Laat die voorbeeld van Christus ons altyd voor oë bly: “Hy wat geen sonde gedoen het nie, en in Wie se mond geen bedrog gevind is nie, wat, toe Hy uitgeskel is, nie terug uitgeskel het nie” (1 Pet. 2:23).

DIE OFFERS VAN KAIN EN ABEL

Corrien Geleijnse

Abel en Kain bring albei **“na verloop van tyd”** aan die Here ‘n offer. Daar het ‘n sekere tyd verloop, en dit klink asof dit aan die einde van ‘n sekere tydsindeling was. Die twee broers bring elkeen aan God ‘n offer, en die een word aangeneem, die ander verwerp. Kain is woedend hieroor, en, sal ons in onverskilligheid en onoplettendheid dink, dalk is die gevoel regverdigbaar, maar dan spreek God Kain aan en vra hom hoekom hy kwaad is. (Wys dit nie weereens op die redelikheid van God wat sê – **“kom, laat ons die saak met mekaar uitmaak”** nie?) Kain word daarop gewys dat daar verheffing in die goed is. Hy moes dus beslis bewus gewees het van

wát goed is – dit is, hoe om die regte offer te bring!

Daar moes bloed vloei vir die vergewing van sondes. Ná die sondeval het God vir die mens rokke van velle gemaak – die eerste skepsel moes sterf, die eerste bloed moes vloei. Hoe direk dit in verband staan met die feit dat Abel 'n lam geslag het as offer aan God, is 'n debatteerbare saak. Die slag van die lam was die regte offer, dus moes dit 'n sondoffer gewees het wat die broers daardie dag gebring het, omdat dit die enigste offer was waar dit 'n vereiste was dat bloed moes vloei. Sonder die vergieting van bloed sou daar nie skuldvergewing wees nie – 'n heenwysing na die kruisiging van Christus. Sy bloed moes vloei sodat ons skuld betaal sou word.

Volgens Hebreërs 11:4 het Abel uit geloof die regte offer gebring. Die onderskeid tussen die twee broers se offers was dus ook omdat die een uit geloof geoffer het en die ander nie. **"Die geloof is dus uit die gehoor, en die gehoor is deur die Woord van God!"** (Rom 10:17). Dus is dit seker dat God wel aanwysings moes gegee het van hoe om te offer. Die feit dat daar niks van gesê word in die eerste drie hoofstukke van die Bybel nie, het nie veel hiermee te doen nie. God is 'n God van orde wat op baie spesifieke maniere gedien en aanbid wil word. Hoe sal Hy dan 'n saak soos die bring van offers – wat later in Exodus só 'n belangrike deel van die volk Israel se godsdiensoefening was – ná die sondeval aan die mens se eie verbeelding oorlaat?

Daar is boonop meer gevalle in die Bybel waar ons eers bewus word van 'n instelling wanneer iemand daarvolgens optree. Neem byvoorbeeld die rein en onrein diere in die tyd van Noag – van die rein diere moes hy sewe pare inneem, nie net twee nie (Gen. 7:2) – of Abraham en die tiendes wat hy as dankoffer aan die Here gegee het (Gen. 14:20). Hieruit word duidelik dat die mense geweet het hoe om reg te offer, en Kain het doelbewus hierteen ingegaan en sy eie ding gedoen. Daarby het hy die vermetelheid om dit God kwalik te neem dat sy manier van offer nie aangeneem word nie.

Abel bring as offer **"van die eersgeborenes van sy kleinvee ... naamlik van hulle vet"**. Dus het hy een of meer lammers as offer aan die Here geslag. Dit is redelik aanneemlik dat dit 'n heenwysing kan wees na die Lam van God wat vir ons sondes geslag sou word, soos God dit reeds direk na die sondeval in die Moederbelofte (Gen. 3:15) belowe.

God gee aan Kain tog nog die geleentheid om terug te gaan en reg te maak wat verkeerd was, naamlik om die regte offer te bring. God wys Kain daarop dat hy oor die sonde moet heers. Maar Kain doen dit nie, konfronteer sy broer en slaan hom in die veld dood.

Die rede hoekom God Kain se offer nie aanneem nie, is dus nie suiwer 'n saak van gemoedsinstelling en goeie bedoelings nie. Dit het gegaan oor die feit dat daar vir Abel se offer bloed gevloei het, en vir dié van Kain nie. 'n Daad kan nóg so goed bedoel wees, maar tog direk in stryd wees met wat God van ons vra – naamlik gehoorsaamheid. En in hierdie geval was gehoorsaamheid om 'n sondoffer te bring waarby daar bloed sou vloei. Soos Abel gedoen het. Nog 'n voorbeeld van 'n goed bedoelde daad wat ongehoorsaamheid was, was Ussa wat met die beste bedoelinge wou keer dat die ark val, en daarvoor die dood ontvang het (2 Sam. 6:6 en 7).

(Hierdie artikel is na aanleiding van 'n bespreking op Jeugvereniging wat na my gevoel iewers in die niet geëindig het. Ek het dus meer oor die saak nagelees en gevra, en dit is waarmee ek vorendag gekom het.)

Bronne – Preek van John McArthur
Francis Scheafer – A Christian Worldview, Vol. 2

OORLOG: GEOORLOOF OF NIE?

Alfred Haak

Skaars 60 jaar gelede het die grootste wêreldoorlog uitgewoed. Nader aan die hede is die oorlog in Viëtnam en vir die afgelope wie-weet-hoeveel jare is die helfte van Afrika in burgeroorloë gewikkel. Vandag se nuus word oorheers deur Amerikaanse inspekteurs in Irak en George W. Bush wat probeer om die VN aan sy kant te kry vir oorlog teen Irak. Watter onderwerp kan meer aktueel wees!

As 'n pasifis is ek geneig om met 'n kortaf "nee" te antwoord. Laat ons 'n meer objektiewe kykie op die onderwerp kry deur te kyk na wat die Bybel ons vertel. Die Ou Testament kan nogal misleidend wees oor hierdie onderwerp. Die helfte van die Ou Testament vertel van die volk Israel, God se uitverkore volk, wat links en regs volke uitroei. Sekere mense sal redeneer dat God Kanaän vir Israel bestem het. Dit is nie waaroor dit hier gaan nie. Dit sou beteken het dat ons nou ons regering mag aanval en vermoor, omdat hulle aborsie gewettig het. Die regverdiging vir die oorloë wat Israel gevoer het, lê in die feit dat God hulle beveel het om die ander volke uit te roei.

Niemand kan met 'n mens stry as hy beweer dat oorloë tallose onskuldige lewens eis en dat dit onmenslik is nie. Tog is daar sekere uitsonderings wat selfs die gehardste pasifis sal laat uitroep vir oorlog. Neem byvoorbeeld die Twee Wêreldoorlog. Toe Hitler met sy Duitse mag Pole binneval, was uiters min mense teen 'n oorlog gekant. Hitler moes net gestop word. Dieselfde met Israel in 1967. Niemand sou hulle die reg ontneem om vir hul bestaan op te staan en te veg nie.

Daar is sekere vereistes ingestel om te voorkom dat oorloë mode word. Volgens dié reëls word 'n oorlog regverdig verklaar wanneer: a) dit deur 'n wettige owerheid gevoer word, b) dit vir 'n regverdige doel is, c) dit met regverdige bedoelings gevoer word, d) die oorlog gevoer word met wapens wat by die konflik pas, e) voordele teenoor nadele opgemeet is, en f) daar onderskeid getref word tussen soldate en burgerlikes.*

Na al die vereistes genoem is, wil ek net weer noem dat oorlog 'n euwel is en bly. Wanneer oorlog aan die vereistes voldoen, maak dit die oorlog nie reg nie, dit wys net dat daar voldoende redes was om oorlog te maak. Hierteenoor glo ek ook dat oorlog altyd as 'n laaste uitweg gebruik moet word, niks meer nie. 'n Christen behoort traag te wees in die opneem van wapens, en sal dit ook net doen as dit noodsaaklik is.

* Volgens Douma, J. 1988. *Gewapende Vrede.* Kampen: Van den Berg.

KREMASIE

Anita Drijhout

Baie kerke het geen beswaar teen die praktyk van verassing nie.

Kremasie (verassing/lykverbranding) is aan die toeneem in ons land. As Gereformeerdes is ons geroepe om hierdie saak te beoordeel. Die Skrif leer ons die straf en die verlossing van die gestorwe liggaam. Die saak van die dooie liggaam is geen neutrale saak nie. Daarom is die hantering van die afgestorwe liggaam, hetsy begrawing of verbranding, nie `n saak wat buite die christelike lewensoortuiging en mortaliteit omgaan nie. (Tot so ver `n kort opsomming van *Die simposium oor kremasie* [Durand:1999]).

God se opdrag aan Israel
"Julle is kinders van die HERE julle God; julle mag julle ter wille van `n dooie nie stukkend kerwe of `n kaalte tussen julle oë maak nie, want jy is heilig aan die HERE jou God, en jou het die HERE uitverkies om sy eiendomsvolk te wees uit al die volke wat op die aarde is" (Deut. 14:1,2).

Israel se begrafnisgewoontes moes uitwys aan wie hulle behoort. God plaas `n beperking op die rouproses, `n beperking wat wys op die oorwinning oor die dood, deur die persoon en werk van Jesus Christus.

Argumente vir kremasie
Lykverbranding het ontstaan by die ontkenning van die liggaamlike opstanding uit die dood. Mense wou daardeur in mindere of meerdere mate te kenne gee dat hulle nie glo aan die opstanding uit die dood nie.

Daar is vyf hoofargumente wat gebruik word om kremasie te verdedig.

1. Ekonomiese redes: Alhoewel dit waar is dat kremasie goedkoper is as `n begrafnis, solank die as gestrooi of in private bewaring geneem word, is hierdie argument op sigself nie oortuigend genoeg om kremasie te verkies nie. Hierdie argument sal slegs mense oorreed wat reeds om `n ander rede kremasie gekies het.

2. Higiëniese en ekologiese argumente voer aan dat kremasie minder bedreigend is vir publieke gesondheid en die omgewing. Reaksie: Moderne begrafnisregulasies en -prosedures vermy enige gesondheidsgevare. Wat die ekologiese-ruimte kwessie betref: selfs in Nederland, met van die digste populasies, hoef geen munisipaliteit hom te wend tot kremasiepraktyke weens `n tekort aan begraafplase nie.

3. Die gevoeligheidsargument meen dat kremasie verkieslik is bo die ongevoelige proses van afbraak en ontbinding wat geassosieer word met die begrawe van `n liggaam. Net so onaangenaam is die assosiasies met die verbranding van vleis. En onthou: Min van ons sal ooit een van bogenoemde sien gebeur.

4. Teologiese argumente opper dat dit toelaatbaar is in die opsig dat ons almal nuwe en opgewekte liggame sal ontvang. `n Gereformeerde teoloog van Suid-Afrika, die afgestorwe J. Heyns, skryf dat die nuwe liggaam sekerlik `n verbinding met die natuurlike liggaam wat gesterf het sal hê, en dat dit `n verheerlikte liggaam sal wees, maar dat dit op geen manier beïnvloed sal word deur wat met die natuurlike liggaam voor of selfs na die begrafnis sal gebeur nie. Om hierdie rede kan kremasie nie verwerp word nie. Wees gewaarsku: wat Heyns geskryf het is waar (dink maar aan die martelare wat op die brandstapels moes

sterf), maar hy het nie gesê dat kremasie vir hierdie rede WEL aanvaarbaar is nie.

Die Bybel is ten gunste van begrafnisse

Sonder twyfel kan ons sê dat begrafnisse in die Ou en Nuwe Testament die algemene reël was. Die Bybel praat van verbrande liggame meer gereeld in die konteks van `n straf op goddeloosheid (Sodom en Gomorra, Agan en sy familie).

Uit Amos 2:1-3 blyk dit dat die verbranding van `n liggaam onder normale omstandighede as `n groot misdaad beskou is.

Ons vind baie positiewe voorbeelde van begrafnisse in die Skrif:

- Abraham doen baie moeite om vir sy vrou Sarah `n grot te koop om haar in te begrawe (Gen. 23:3-20);
- God self begrawe Moses (Deut 34:6); en
- Ons lees in die Nuwe Testament van die begrafnis van Johannes die Doper, Lasarus en die seun van Naïn.

Christus se begrafnis en die opstanding

Die begrafnis van Christus was reeds voorspel deur die OT-profete (Jes. 53:9), was voorberei deur Maria se salwing (Matt. 26:12) en was nodig vir ons verlossing (Sondag 16, V&A 41).

Christus self het in die graf ingegaan en daaruit opgestaan. Daardeur is die graf vir ons nie meer die plek waar vertering die laaste woord het nie, maar die saaiplek waar die liggaam in oneer gesaai word om op God se tyd opgewek te word in heerlikheid.

Die prediking van die opstanding uit die dood in 1 Korintiërs 15 draai om die beeld van saai en oes, `n beeld wat nie meer regstreeks tot ons spreek wanneer die liggame verbrand word nie. Die christelike begrafnis is altyd die hulpmiddel om die leer van die Skrif oor dood en opstanding nog beter te verstaan. Dit verhelder die insig in `n groot stuk Bybelse simboliek.

Die verhouding tussen begrawe en verlossing word beklemtoon deur Paulus in die patroon van die christelike lewe. Ons word naamlik saam met Christus begrawe in die doop, waarin ons ook saam opgewek is deur die werking van God wat Hom uit die dode opgewek het (Kol. 2:12). Kyk ook Rom. 6:4.

Opsommend kan ons twee gevolgtrekkings maak. 1. Die Bybel gee ons geen uitsluitlike opdrag om ons dooies te begrawe nie. 2. Die Bybel gee wel aan ons `n duidelike voorbeeld in die gelowiges van die Ou en Nuwe testament as `n oorredende getuienis aangaande die ongeëwenaarde waarde van begrafnisse.

Begrafnisse is die keuse, behalwe…

Die Bybel plaas ook geen duidelike verbod op kremasie nie. In sekere situasies kan kremasie onvermydelik wees. Dink aan epidemies, waar die verspreiding van infeksies voorkom moet word. Of in tye van oorlog, waar 'n groot aantal sterftes gewone begrafnisse onmoontlik maak.

In sommige lande waar die Christelike geloof min of geen invloed het, kan dit dalk onmoontlik of baie moeilik wees om geliefdes te begrawe.

Die moontlikheid om die voorreg van begrafnisse te verloor, vra van ons om die vryheid solank as moontlik te behou en beskerm.

Kremasie was `n heidense gewoonte. Agter die propaganda vir kremasie skuil die heidense, materialistiese wêreldbeskouing.

Indien `n bevolking se siening oor sy geskiedenis en sy toekoms verander, sal sy siening oor begrafnis of kremasie ook verander.

Bronne:
De Bruyn, P.J. 2000. *Die Gesonde Leer*. Potchefstroom: Calvyn-Jubileumboekefonds.
Durand, M.C. 1999. Die simposium oor kremasie: 31 Julie 1999. *Die kerkpad*, 3(4). Beskikbaar by http://home.mweb.co.za/ke/kerkpad/julie99/medies.html
Grosheide, F.W. et al. *Christelijke encyclopaedie voor het Nederlandsche volk*. Derde Deel. Kampen: J.H. Kok.
Kloosterman, Nelson D. *Cremation*. Beskikbaar by http://www.spindleworks.com/library/kloosterman/cremation.htm

EWIG LEWE

Johan de Vente

Waaraan dink jy as daar gepraat word oor die ewige lewe? Dink jy miskien aan ‘n soort uitgerekte lewe? Is dit vergelykbaar met die huidige lewe, maar dan net sonder sonde? Nee, so kan jy dit nie noem nie. Dit is nie ‘n opeenvolging van tyd nie. Ons kyk gereeld op ons horlosie om te weet hoe laat dit is. Ons moet goed onthou dat tyd en ewigheid twee verskillende begrippe is wat ons nie bymekaar kan uitbring nie. Ons kan eintlik nie indink hoe die ewige lewe daar uitsien nie. Ons sondige denke en verstand kan so iets moois moeilik voorstel. Dit beteken nie dat ons nooit daarby mag stilstaan nie. Die Here het in sy Woord telkens laat neerskryf hoe dit daar uitsien. Ja, Hy het vir ons as sondiges uitverkies om saam met Hom in heerlikheid en vrede te lewe. Hy het vir ons ‘n veilige bestemming belowe.

Die lewe hier op aarde is weens die sonde bedorwe. Daar is heelwat hartseer gebeurtenisse hier op aarde. Die huidige oorlog in Irak is ‘n goeie voorbeeld hiervan. Daar is talle voorbeelde, soos dood, honger, armoede, siekte, hartseer en soveel meer wat in die ewige lewe nie meer daar sal wees nie. Dan sal ons almal in ‘n hegte gemeenskap met mekaar saamleef sonder dat die sonde en die gevolge daarvan ons sal beïnvloed of onderkry. Die belangrike van die ewige lewe is dat die sonde nie meer daar sal wees nie. Dan doen jy altyd wat die Here wil.

Daar kom ‘n nuwe lewe. Ja, ‘n vernude lewe. Hoe gaan dit lyk? Niemand weet nie. Is daar diere en plante? Ek dink so. Verskeurde diere en giftige plante? Ek dink nie so nie. Alles wat hier op aarde deur die sonde vernietig is, sal daar nie meer wees nie. Dit word ‘n volmaakte, harmoniese nuwe wêreld. Dit sal volkome afgestem word op ons naaste. Ons sal ook ‘n volmaakte band met mekaar hê. Die belangrikste is dat ons ‘n volmaakte band met God sal hê. Ons sal dan saam die Here dien. Dag en nag. Sonder onderbreking. Nooit weer sal ons op enige manier die weg van God verlaat nie. Alles wat Hy wil, doen ons dan volmaak. Dit word ‘n vernude wêreld wat ons fantastiesste drome sal oortref. “God sal dan sy tent by die mens opslaan”. Hy sal dus by ons wees. Ewig. En so word dit 'n ewige fees. Die bruilof van die Lam. En daar sal niks wees wat ‘n slegte sfeer op die feesvreugde werp nie. Onafgebroke sal ons Hom saam in vreugde dien. Die Here Jesus sê daarom: “Luister, Ek kom spoedig”. En as Hy kom, gaan die Fees begin. Daarom mag ons uitsien na sy koms. Weet jy wat dan? Dan sal ons altyd, ja ewig, LEWE … met God. Volmaak.

THE PASSION

Alex van Houwelingen

Vanaf die bestaan van en die teenkanting teen die Christendom, sien mens oral kunswerke en kunsmedia opduik met ‘n element uit die Bybel. Baie keer is die doel agter die (veral moderne) kuns dan ‘n tipe bespotting. Soos ‘n strokiesprent oor Jesus wat onlangs in Griekeland verban is: Jesus word voorgestel as ‘n hippie wat konstant *high* is, omdat Hy die heeltyd aan wierook sit en snuif. So nou en dan word die tema as ‘n eerbetoon aan God tog gebruik. Die vraag is of dit die regte manier is. Gereformeerdes is baie skrikkerig vir flieks in die algemeen, maar flieks met beelde van Jesus as mens word gou afgeskryf. Dié houding is glad nie verwonderend nie, nadat flieks soos *Jesus Christ Superstar* en

Jesus Christ Vampire Hunter in die verlede verskyn het.

Die bekende Australiese akteur en regisseur, Mel Gibson, is tans besig met die nuutste fliek oor die lewe van Jesus. Die fliek se naam is *The Passion* en sal tydens Paasfees 2004 in Amerika verskyn. In teenstelling met die eerder genoemde flieks wat 'n eksplisiete bespotting van die Christen-geloof is, wil Mel Gibson ('n oortuigde en praktiserende Rooms-Katoliek) die fliek so waarheidsgetrou as moontlik maak. Een voorbeeld hiervan is dat die hele fliek slegs in die twee uitgestorwe tale, Latyn en Aramees, gespeel gaan word. Daar sal selfs geen ondertiteling wees nie. Gibson meen dat hy hiermee die kommersialisme (Gibson het die vyf-en-twintig miljoen dollar wat die fliek kos, self gefinansier) gedeeltelik uitskakel. Hy haal hierby 'n voorbeeld uit die verlede aan: in *The Gospel according to St. Matthew* (van Pier Paolo Pasolini), sê die akteur wat Judas speel, in 'n regte Amerikaanse (Brooklyn-) aksent vir Jesus: "*Hey, you ovah dere*". Dit doen direkte afbreuk aan die geloofwaardigheid van die verhaal, maar dit laat meer mense kyk, omdat die geskiedenis meer modern aangepas is.



Verder wil Gibson sorg dat die fliek nie verromantiseer word nie. Dit is ook een van die redes vir die taalbeleid van die fliek. Daardeur word die kyker geforseer om te *kyk* na die ekstreme lyding van Christus (en nie allerhande heldhaftige woordelike verweer nie) en kan dit nie alles omgesit word na 'n status van superheld-lyding soos wat 'n deursnee James Bond op gereelde basis ervaar nie. Want, so sê hy in *Time* (27 Januarie 2003): "dink aan die kruisiging – daar is nie 'n manier om dit soetsappig te maak nie".

As jy dit alles lees, is jy geneig om te dink dat die fliek dus per definisie goed is. En ja, dit is prysenswaardig dat Mel Gibson in die nie-Christelike atmosfeer van Hollywood durf opstaan vir sy geloof. En verder gebruik hy sy gawes baie duidelik vir God: daar is geen twyfel daaroor dat Gibson een van die beste akteurs is nie, en hier wil hy 'n waarheidsgetroue "dokumentêr" maak oor die Evangelie. En dink net aan al die mense wat hy deur die fliek met die Evangelie bereik! Verder wil hy dit glad nie 'n kommersiële treffer maak nie, maar wil hy "net die waarheid vertel" (aangehaal uit *Time*).

Tog is daar weereens – miskien buite Mel Gibson se bedoeling en beheer – gevare. Die eerste gevaar is dat mens *The Passion* dalk direk langs die Bybel se vier evangelies gaan plaas en dit aan mekaar gaan gelykstel. So iets soos *The Passion* as vyfde evangelie. Maar dit sal verkeerd wees, want mens kan gerus sê dat Mel Gibson nie só deur die Heilige Gees geïnspireer is, soos wat byvoorbeeld Matthëus was nie. Daar sal dus ongetwyfeld foute insluip. En verder kan die fliek dalk redelik waarheidsgetrou wees oor wat gebeur het, maar is dít die Evangelie? Kan jy uit die beelde sien dat Christus vir jou sondes gesterf het? Dit lyk twyfelagtig. 'n Verdere probleem is dat die fliek handel oor die laaste dae van Jesus op aarde, en dus ook die kruisiging. Die vraag is nou of 'n gewone mens (Jim Caviezel, ook 'n praktiserende Rooms-Katoliek, speel die rol van Jesus in *The Passion*) hierdie lyding tot sy reg sal kan speel en uitbeeld. Want daar bestaan nie 'n groter lyding as dat die Seun van God in die hel moes afdaal met die hele wêreld se sondes op sy skouers nie. Nog 'n probleem is dat elke kyker ongetwyfeld die beelde gaan vashou van die fliek en mens sal nooit meer die kruisigingsverhaal op dieselfde manier kan lees nie. Jou persoonlike beeld van die gebeurtenis word nou gevorm deur Mel Gibson se beeld van die gebeurtenis.

Mag mens *The Passion* gaan kyk? Dit is ‘n moeilike vraag. Dit sal nie aanbeveel word as evangelisasie-medium nie, want die kern van die geloof word drasties geskuif. Die kykersgroep behoort (en sal ook waarskynlik) Christene te wees met ‘n goeie agtergrondskennis van die Evangelie. Dan kan die visuele beelde van die fliek sonder veel skade ‘n eventuele hulpbron wees om die Evangelie beter te verstaan. Maar voor jy die fliek volgende jaar kyk: doen ‘n selfondersoek. Met watter doel gaan kyk jy *The Passion*? En hoe is jou algemene fliekvoorkeure? As jy van flieks soos *The Gladiator* en *Saving Private Ryan* gehou het *omdat* daar sulke “goeie, bloedige” gevegsbeelde is, bly dan eerder weg van *The Passion*. Dit sal nie goed wees vir jou geloof nie. Maar as jy vir die historiese aspek wil gaan kyk (soos wat jy ‘n boek lees oor die wêreld ten tye van Jesus), gaan kyk *The Passion*, maar kyk krities. En sorg dat jy ‘n baie sterk kennis het van waaroor die Evangelie *eintlik* gaan. Want die hoofgevaar skuil daarin dat ‘n swakker gelowige die fliek gaan sien as “die Evangelie soos vertel deur Mel Gibson”. En dan mis die fliek die doel wat Mel Gibson daarmee het. Dan kan dit onmoontlik tot opbou van die geloof wees, terwyl dit dalk ‘n mooi bykomstigheid is.

(Hierdie artikel moet gesien word as ‘n vooruitskouing op The Passion, dus alle feite oor die fliek is gegrond op direkte aanhalings van Mel Gibson, en nie op ‘n eie besigtiging van die fliek nie. Miskien moet daar ‘n tweede “resensie” oor die fliek geplaas word as dit volgende jaar verskyn.)

OORLOG... ‘N STRYD OM VREDE?

Thys van der Hout

“Elkeen streef na vrede deur oorlog te maak, maar niemand streef na oorlog deur vrede te maak nie”. Hierdie sinsnede het nie vandag ontstaan nie, maar is reeds aangehaal deur die kerkvader Augustinus.
Die heersende oorlog in Irak raak baie mense se lewe.

Hoe dink ons as Christene oor oorlog? Hoe is ons betrokke, of is die omstandighede van so `n aard dat ons maar toekyk na die oorlogsgebeure wat daagliks uitgesaai word? Wie bepaal of `n oorlog geregverdig kan word?

Daar is immers `n klomp aspekte waaroor almal nadink.

- onskuldige mense word gedood
- die geldigheid van die motiewe vir oorlogvoering
- vrede word verlang; **“no war!”** word uitgeroep
- metodes van oorlogvoering
- die gevolge van oorlog (sou kernwapens gebruik word)

Wat sien en leer ons uit die geskiedenis, en wat sê God se Woord oor oorlog?

Die HERE wat Hom in sy Woord, naamlik "die evangelie van vrede" (Ef. 6:15), aan ons openbaar, word "die God van vrede" genoem (2 Kor.13:11; Fil. 4:9). God regeer en sal ook oordeel.

Deur die geskiedenis en ook vandag heers die stryd tussen goed en sleg, tussen Christus se Kerk en satan, daarom ook die stryd om vrede. Christus, die “Vredevors” (Jes. 9:5 en 2 Tess. 3:16), het na die wêreld gekom en vir ons sondige mense versoening gedoen; ons gered van die ewige dood. Hy het oorwin en daarom is ons deur Hom ook oorwinnaars. Maar ons voer hier op aarde steeds die stryd (oorlog) teen die sonde!

In Romeine 12:18 ontvang ons die opdrag van die apostel Paulus: “As dit moontlik is, sover dit van julle afhang, leef in vrede met alle mense” en ook die oproep in Hebreërs 12:14: " Jaag die vrede na met almal, en die heiligmaking waarsonder niemand die Here sal sien nie".

Vrede beteken in Bybelse terme welsyn, voorspoed, lewensvolheid; `n geheelde lewe. Die betekenis van die woord **vrede** is dus nie oppervlakkig nie. Dit dui nie net op die

afwesigheid van oorlog of die handhawing van orde nie, maar bestaan ook in die aanwesigheid van God se orde in die wêreld, wat `n orde van reg en geregtigheid is.

Ondanks oorlog mag christene steeds hoop hê, al lyk dinge ook hoe donker. Christus het ons in sy Woord gewaarsku dat daar groot dinge in die wêreld sal gebeur, dinge soos oorloë, hongersnood en aardbewings. Dit is alles tekens van Christus se wederkoms.

Bid vir vrede! Bid vir die mense wat deur die oorlog geraak word.

Bid sonder ophou en leef in die hoop en verwagting op Christus se koms in heerlikheid!

RIMPELINGS UIT DIE OLIESTRYD

Tanya de Vente

Wanneer jy 'n klippie in 'n dam gooi, is dit altyd lekker om te kyk tot waar trek die rimpelings. Elke klippie maak sy eie hoeveelheid rimpels en sommige klippies se rimpels is groter as ander s'n. Só werk dit ook in die realiteit van die harde lewe. Rimpelings van groot internasionale gebeure tref ook óns aan die verste punt van die Afrika-kontinent. Dit beïnvloed ons ekonomiese, sosiale, politieke en maatskaplike omgewing. In hierdie artikel word kortliks gekyk na die gevolge van die oorlog in Suid-Afrika. Dit is nie bedoel om 'n in-diepte ondersoek te wees nie.

Die mees direkte gevolg is seker die skerp styging in die petrol- en olieprys. Om skielik 30c meer per liter petrol te betaal, is nie 'n grap nie. Baie olie kom van Irak, en omdat daar nou min olie op die mark is, styg die prys.

Sodra die groot wêreldmagte in oorlog gewikkel raak, is die ekonomie op voet van die oorlog. Wat beteken dit? Daar is nie meer geld vir meer as net die nodigste nie. Dit het tot gevolg dat broodnodige ontwikkelingsprogramme, soos Nepad (Nuwe Vennootskap vir Afrika-ontwikkeling), eenkant geskuif gaan word. Afrika word op die agtergrond geplaas en moet vir eers maar self aansukkel sonder dié hulp van die ekonomies-welvarende lande.

Amerika val 'n baie invloedryke Islamitiese gemeenskap aan. Suid-Afrika moet sy sekuriteit opskerp teen aanvalle van terrorisme. Islam is ook 'n bedreiging vir ons as Christene.

Suid-Afrika se politieke leiers het hulle sterk uitgespreek teen 'n oorlog teen Irak. Irak word beveel om hulle wapens te vernietig. Suid-Afrika het aan die einde van die apartheidsbewind ook hulle wapens vernietig en word nou as die "*model disarmers*" gesien. Om vriendelik hulp te verleen aan Irak, gaan die Suid-Afrikaners oor om raad te gee oor wapenvernietiging. Dit is alles goed en wel, maar waar staan SA nou? Saam met Amerika of saam met Irak? Een van die invloedrykste ikone van die eeu, mnr. Nelson Mandela, het hom ook telkemale uitgespreek teen die voorgenome oorlog.

In 'n uitsending van Radio Nederland (RN) op die vooraand van Amerika se aanval, het hulle in 'n onderhoud vertel hoe in Nederland bejaarde mense in die ouetehuis konstant radio luister en televisie kyk. Die mense word weer herinner aan 'n traumatiese era sowat 50 jaar gelede. Die Tweede Wêreldoorlog is weer vars voor talle senior burgers se oë. En oorlog is nie, soos wat ons soms tereg dink, 'n grappie nie. Dit is 'n harde werklikheid van mense wat sterf en families wat wreed uitmekaar geruk word as gevolg van die mens se eiesinnige godsdiens. Geen mens kan ooit die impak en tragedie van oorlog besef as jy dit nie self meegemaak het nie. Ook net dan besef jy wat beteken dit as die koerant dit vroegoggend uitbasuin: OORLOG!

Maar nie net die ouer burgers leef in vrees nie. Almal leef in 'n mate in vrees; wat gaan gebeur? President G.W. Bush sê die oorlog gaan langer duur as wat voorspel is.

'n Verdere ding wat op RN bespreek is, is die afname in toerisme. Soveel mense het hulle vlugte gekanselleer en een van die lugrederye het gesê hulle besprekings het met 50% gedaal. 'n Meisie wat onlangs teruggekeer het van Amerika na 'n jaar se au-pair, vertel hoe leeg haar vlug was. Sy het albei sitplekke langs haar oop gehad, en sy was nie die enigste nie.

Humanisme, mensemag, dreig om die wêreld-ekonomie aan flarde te ruk en nasies weereens in woede te laat opvlam teenoor mekaar. 'n Oorlog waarin God al weer eenkant geskuif word. Die gevolge van die sondeval is elke dag 'n harde realiteit. Maar wat 'n genadige God het ons nie. Watter ongelooflike troos het ons as christene tog! Ons mag glo, vertrou en ons hoop stel op Christus wat aan die kruis vir al ons sondes gesterf het.

Ons sit dalk aan die suidelikste punt van Afrika. Ons is miskien 'n Derdewêreldland wat 'n sukkelbestaan voer. Ons is miskien 'n grap in die oë van die wêreld.
Maar die klip wat Bush in die golf gegooi het, se rimpelings breek ook aan ons branders...

Deur die sleutelgat

Weens die disinformasieveldtog wat aan die gang is, mag sommige van die onderstaande voorvalle moontlik nie gebeur het nie. Enige inligting kan moontlik vals wees. Gebruik asseblief u diskresie.

Die eerste woorde wat Jan-Maarten dié jaar by die jeug gespreek het was: "*I am your leader*". Dit volg op sy verkiesing as nuwe JV-leier. Jan-Maarten was vir geen verdere kommentaar beskikbaar nie. Nog nuus uit die Raimond-familie is dat Elisabeth in 'n bisarre voorval haar arm gekraak het. Volgens 'n betroubare bron wou sy 'n een-en-'n-half salto uitvoer – op die ysskaatsbaan. Sy het egter versuim om in ag te neem dat die ekstra halwe salto haar op haar linkerarm sou laat beland. Weens die feit dat sy in beheer van die koek en koffie by JV is, wens ek haar beterskap toe. Sy en haar arm sal nou 6 weke buite aksie wees.

Die gemiddelde jeuglid mag dalk verskoon word as hulle gedink het Wielie Walie se speelkamer is op toer in die Kaap. Blykbaar kan Mietie en Pietie net nie genoeg van die Kaap kry nie. Al klink hulle soos twee Wielie Walie-karakters, is hulle definitief nie *Mickey Mouse* nie. In nog 'n bisarre en ietwat verdagte gebeurtenis was Petra "te moeg om Sonstraaldam toe te gaan". Nog geen verdere besonderhede kon aangaande die saak bymekaar gemaak word nie, maar vuilspel word verdink.

Saam met die twee uit die Wielie Walie-speelkamer was daar ook twee misterieuse figure. Die een, Pieter Bron, en iemand wat verdag baie soos Marius Byker lyk. In 'n onderhoud met die persoon wou hy nie erken of ontken dat hy wel Marius is of ooit was nie, weereens word vuilspel verdink. Voorts het hy daarop aangedring om as "Bobo" bekend te staan.

Vir die wat gewonder het, Hans was weg, en terug, weer weg, weer terug, en ek dink hy's nou weer terug na sy *roots*. Saam met sy

brothers in da hood, en Maarten se DMX CD waarvan Rory nie genoeg kan kry nie. ‘n Man van groot wysheid en ‘n ysterperd. Dis moeilik om meer van Hans te sê.

Geert *is er ook weer*, terug van die golf. En ek praat nie van Geert Bush nie, eerder Driftwood… er…Drijfhout. Eintlik *heel gepast he*, dié Drijfhout, aangesien hy die vernuf van ‘n wit fisant op sy seilplank het, miskien moet dit eerder ‘n rooie wees. Maar kyk weer, en ja, hy’s weg, vinniger as die rooi skynsel van sonbrand. Hy is natuurlik ook werklik bevoorreg om ‘n neef soos Albert te hê. Albert, ‘n man van onskatbare kennis, wat soos julle weet elke Sondag ‘n kennis-vasvra het. Sy vrae van massadestruksie verwoes die reputasies van voormalige “slim” mense. Ek verneem dat hy tans ook besig is met sy eie uitbreiding, of as jy dit so wil noem, tak van wiskunde. Abbulus. Die komplekse berekenings en wiskundige bewyse en bewerkings waarmee hy hom besig hou, is natuurlik verstommend. Albert studeer

tans vir onderwys aan die Universiteit van Stellenbosch. Hy hoop om op dié wyse ‘n miniskule gedeelte van sy kennis te kan teruggee aan die nageslag.

Hester en Chris vertoef ook in Pretoria by tye van die skryf van hierdie berig. Ek sou graag meer hieroor wou tik, maar het nog geen verdere besonderhede ontvang nie. Net om u gerus te stel: vuilspel word wel verdink.

Dankie vir u samewerking.

Voetspore

Welkom by ‘n nuwe aflewering van *Voetspoor*. Hierdie episode is ‘n beskrywing van hoofsaaklik nie-Gautengers wat ons besoek het, want dit het nogal gereeld gebeur die afgelope tyd. Dit is ‘n tyd van groot kuier en min slaap, dus indien die leser jeuglede met swart kringe onder hulle oë sien of indien die leser (wat hierdie uit nostalgiese waarde lees) *self* swart kringe onder sy/haar oë het; dis die skuld van die besoekers.

Eersgenoemde in hierdie besoekersuitgawe van *Voetspoor* is *good ol’* Freddie Strydom. Hy is ‘n plattelandse mannetjie uit Kokstad indien u nie geweet het nie. Hiermee word nou net nog meer verwarring gesaai, want dis duidelik dat niemand weet waar Kokstad is nie. Aangesien hierdie nie die nuutste uitgawe van *Getaway* is nie, maar *Olielamp*, sal daar ook nie verder hierop ingegaan word nie. Freddie was hier. Dit sê genoeg. En wat nog meer sê: Freddie se kredietkaart was hier. Sjoe, nou word dit lekker. En dus het hierdie knapie ‘n paar mense uitgevat om êrens rugby te kyk en dan alle onkoste op sy rekening te plaas. Die ironie is dat die meeste van Freddie se metgeselle nie sulke enorme rugby-*fans* is nie, so daar is *somethin’ fishy*. Blykbaar is hulle Visa-*fans*. Hierdie stelling moet nie te ernstig opgeneem word nie, want almal was natuurlik daar vir Freddie. Al sal Petra stry, want volgens haar is mense net by plekke vir haar…

‘n Week of wat daarna was die volgende sessie besoekers in ons midde. Erik van Alten en Tineke de Vries het getrou en dit het gesorg vir ‘n ware Groot Trek vanuit Kaapstad. Die kerk was ten tye van die troue ryklik verteenwoordig deur Kapenare. Hiervan is drie persone noemenswaardig. Nie omdat die ander mense minderwaardig is nie, maar hierdie is ‘n jeugblad, en die ander besoekers het

die jeug helaas ontgroei of self al jeug voortgebring en kom dus nie meer in aanmerking vir ‘n *spot* op hierdie bladsy nie. Maar goed, die drie wat genoem word: Hester “Kwekkie” Douma, Chrisjan “Tha Bomb” van Alten en Carina “Carina” van Alten. Chrisjan en Carina se broer het getrou en mens sien ‘n duidelike rede vir hulle besoek, maar Hester het gewoon *voor de gein* gekom. Sy het haar intrek geneem in Arjan se huis in Hatfield. Daar moes sy natuurlik sake aan die orde stel, want sy het nie kos- en verblyfgeld betaal nie, en *voor niets gaat de zon op*. Voël het toe ook sommer sy intrek in die Suidstraat-kommune geneem, maar daar

is nog geen tekens van enige terugbetalings nie, hetsy geldelik of in diensbetoon.

Verder is daar nog ‘n verontskuldiging wat die nederige skrywer van hierdie rubriek wil maak: in die vorige uitgawe is daar woorde gebruik soos “Klusener kraai koning” en ander ongepaste opmerkings oor die Protea’s. Hiermee word die uwe se verontskuldigings aangebied oor die eventuele ou wonde wat dit oopgekrap het. Veral aan Marie-Louise word boete in sak en as gedoen, sy het vreeslik gehuil oor die swak vertonings. Maar net een raad: trane help nie; die veld was al nat genoeg. Vir Willem Sterk het die krieketskok soveel emosionele afbraak veroorsaak dat hy groener (geler) weivelde gekies het en na die wenspan se land vertrek het. Willem, geniet dit in Australië, *mate*!

Om by die sport te bly: vandat Christiaan Baas hier is, is daar so elke nou en dan ‘n sokkerkyk-aksie wat deur hom gereël word. Hy verlang skynbaar so baie terug na Nederland dat hy nog steeds vir sy geliefde Feyenoord wil sien speel. En dit terwyl Suid-Afrika se sokker spog met spanne soos Qua-Qua Stars, Black Leopards en Jomo Cosmos? Onverstaanbaar, was die diagnose van die algemene sportkenner. Totdat die Feyenoord-wedstryde uiteindelik by Oppiplaas besigtig is. Hulle naam is toe informeel verander na Feye*moord*, want hulle het die wedstryde onderskeidelik met 5-1 en 5-0 gewen.

Vir die res gaan die lewe aan en aan en aan, en elkeen loop op sy eie paadjie en volg die sleur van die lewe. Maar soms is die sleur interessant en haal dit die *Voetspoor*. En soms – by gebrek aan interessanthede – is die sleur onwaarskynlik oninteressant en haal dit nog steeds die *Voetspoor*. En as daar so bietjie gekyk word na die tydjie wat voorlê, is daar hoë verwagtings. Wie weet? Kom volgende uitgawe, dieselfde tyd, dieselfde sender en kyk vir jouself.

Dit is die einde van hierdie bulletin, die volgende bulletin sal in die volgende uitgawe te vinde wees.

Voetspoor

From: Willemien <willy_k@absamail.co.za>
To: Brokkies <brokkies@epos.co.za>
Sent: Tuesday, March 25, 2003 7:53 PM
Subject: Fw: celebrate Jesus

Geloof óf ongeloof – dit maak baie verskil vir hoe mens die lewe hanteer. Hierdie storie gee 'n voorbeeld van kinderlike geloof en die impak wat dit kan hê op 'n mens se lewe. God het 'n doel met elkeen – ookal is die lewe verkort deur siekte:

"*Jesus antwoord: Hy het nie gesondig nie, en sy ouers ook nie, maar die werke van God moet in hom openbaar word*" (Johannes 9:3).

Groete,

Willemien

----- Original Message -----
From: anonymous@unknownlocation.com
To: Willemien Kleyn <willy_k@absamail.co.za>
Sent: Monday, March 24, 2003 10:21 PM
Subject: celebrate Jesus

"Tomorrow morning," the surgeon began, "I'll open up your heart..."

"You'll find Jesus there," the boy interrupted.

The surgeon looked up, annoyed. "I'll cut your heart open," he continued, to see how much damage has been done..."

"But when you open up my heart, you'll find Jesus in there."

The surgeon looked to the parents, who sat quietly. "When I see how much damage has been done, I'll sew your heart and chest back up and I'll plan what to do next."

"But you'll find Jesus in my heart. The Bible says He lives there. The hymns all say He lives there. You'll find Him in my heart."

The surgeon had had enough. "I'll tell you what I'll find in your heart. I'll find damaged muscle, low blood supply, and weakened vessels. And I'll find out if I can make you well."

"You'll find Jesus there too. He lives there."

The surgeon left.

The surgeon sat in his office, recording his notes from the surgery: "Damaged aorta; damaged pulmonary vein; widespread muscle degeneration. No hope for transplant; no hope for cure. Therapy: painkillers and bed rest. Prognosis..." Here he paused. "Death within one year". He stopped the recorder, but there was more to be said.

"Why?" he asked aloud. "Why did You do this? You've put him here; You've put him in this pain, and You've cursed him to an early death. Why?"

The Lord answered and said, "The boy, My lamb, was not meant for your flock for long, for he is a part of My flock, and will forever be. Here, in My flock, he will feel no pain, and will be comforted as you cannot imagine. His parents will one day join him here, and they will know peace, and My flock will continue to grow."

The surgeon's tears were hot, but his anger was hotter. "You created that boy, and You created that heart. He'll be dead in months. Why?"

The Lord answered, "The boy, My lamb, shall return to My flock, for he has done his duty: I did not put My lamb with your flock to lose him, but to retrieve another lost lamb."

The surgeon wept. The surgeon sat beside the boy's bed; the boy's parents sat across from him. The boy awoke and whispered, "Did you cut open my heart?"

"Yes," said the surgeon.

"What did you find?" asked the boy.

"I found Jesus there," said the surgeon.

Gedigte

Ja, ek kos Hom die slae,
Die smarte en die hoon;
Vir my word daar gedrae
Die kleed, die doringkroon;
Vir my was daardie wonde,
Vir my moes Hy daar staan;
Hy moes vir al my sonde
Die bit're kruisweg gaan.

O, Jesus, Man van smarte,
Die vadere se wens,
Skryf diep in alle harte
Die woord: "Aanskou die mens!"
O laat my nooit vergeet nie
Die kroon, die kleed, die riet!
Geen groter troos in leed nie:
Dis ook vir my geskied!

My Verlosser aan die kruis
Ly vir sonde, smart en pyne,
Ook vir my;
Van die vloek maak Hy my vry
En sy sterwe salig my.

My Verlosser aan die kruis –
En sou ek in droewe dae
Troost'loos klae?
Klae? Nee, by die gesig
Val die swaarste las my lig.

My Verlosser aan die kruis -
Word verheerlik deur my handel
En my wandel!
U't my met u bloed gekoop
En my in u dood gedoop.

My Verlosser aan die kruis -
Ek is U in dood en lewe
Oorgegewe,
Leef in vreugde en geween,
Leef en sterf vir U alleen

MJ Van Straten

VERJAARSDAE

Johannesburg	
Leo Boessenkool	23-Apr
Anneke Eefting	31-Mei
Kaapstad	
Ingrid Byker	13-Apr
Alfred Haak	24-Apr
Erik-Jan Moes	16-Mei
Maranata	
Gerrit Kamphuis	07-Apr
Irma Boon	20-Apr
Wilna Kerkhoff	28-Apr
Janneke de Vries	30-Apr
Johan de Vries	30-Apr
Berend de Jager	03-Mei
Frans Hagg	11-Mei
Irmarie Bosman	11-Mei
Monika Kampman	12-Mei
Erik Visser	17-Mei
Floris Visser	17-Mei
Arnold van den Bout	27-Mei
Pretoria	
Monique Bosker	04-Apr
Petra Ros	14-Apr
Jo-Rien Van Staden	16-Apr
Annelie Hagg	20-Apr
Ranko Agema	23-Apr
Nicolas Kleyn	26-Apr
Wieger van der Veen	03-Mei
Reinhart Buenk	09-Mei
Jacqueline Zielman	12-Mei
Naomi Schuring	15-Mei
Willemien Kleyn	15-Mei
Christelle Bosker	30-Mei

Sperdatum vir die volgende uitgawe:

27 April